Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

NOG EEN KOPPIE KOFFIE

Musiek: Lucas Maree
Teks: Lucas Maree

As die stiltes tussen woorde
skielik dikker as die mure raak
en die nag onrusbarend
deur die sinkdak en die balke kraak,
raak my hart verlore
in 'n soektog na nog woorde
om jou aandag vir een oomblik nog te skaak
om jou hart vir net een oomblik nog te raak

Nog een koppie koffie
kan die einde van die aand
vir nog 'n wyle uitstel
voor ek huis se kant toe staan;
want te skielik is die tyd verby
en sal ek haas my ry moet kry –
te gou moet ek groet en huis toe gaan
nog een koppie koffie voor ek gaan

Want die stiltes tussen woorde
slaan soos vuiste teen my ore
en ek weet dat jy ook moeg is
en dat jy nou wil bed toe gaan;
ek sien ook dat jy heerlik
in jou hande sit en gaap
en ek word al hoe banger
vir die groter, dieper slaap

Nog een koppie koffie
kan die einde van die aand
met nog 'n wyle uitstel
voor ek huis se kant toe staan
want te skielik is die tyd verby
en sal ek haas my ry moet kry
te gou moet ek groet en huis toe gaan
alewig moet ek groet en huis toe gaan